

BUITENGEWONE  
**OFFISIELLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA.

**OFFICIAL GAZETTE**  
EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGawe OP GESAG.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Dinsdag 28 April 1970 WINDHOEK Tuesday 28 April 1970

No. 3069

**INHOUD**

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. 51 Verkiesing van Wetgewende Vergadering

**PROKLAMASIE:**

No. 47 Byeenoeping van die Wetgewende Vergadering

**CONTENTS**

*Bladsy/Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**

Legislative Assembly Election . . . . . 430

**PROCLAMATION:**

Summoning of the Legislative Assembly . . . . . 431

**Goewermentskennisgewing.**

**Government Notice.**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 51.] [28 April 1970 No. 51] [28 April 1970

**VERKIESING VAN WETGEWENDE VERGADERING.**

**LEGISLATIVE ASSEMBLY ELECTION.**

Ooreenkomsdig die bepalings van artikel 87 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette 1946, soos gewysig, geskied hierby kennisgewing dat die persone genoem in die tweede kolom van die bylae hiervan, op die datums aangegee teenoor die betrokke name in die derde kolom van dieselfde bylae, verklaar is as behoorlik verkose lede van die tiende Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika, en wel vir die kiesafdelings genoem in die eerste kolom van die bylae teenoor die naam van elke sodanige persoon onderskeidelik.

In accordance with the provisions of Section 87 of the Electoral Consolidation Act, 1946, as amended, it is hereby notified that the persons named in the second column of the schedule hereto were declared, on the dates mentioned in the third column of the schedule opposite their respective names, to be duly elected members of the tenth Legislative Assembly of South West Africa for the Electoral Divisions named in the first column of the schedule opposite the name of each such person respectively.

## BYLAE / SCHEDULE.

Kiesafdeling. Electoral Division.	Naam van gekose lid. Name of member returned.	Datum waarop verkose verklaar. Date on which declared elected.
1. Erongo	GUNTHER, Otto Karl	23.4.1970
2. Gobabis	PRETORIUS, Jacobus Willem Francois	23.4.1970
3. Grootfontein	BRINKMAN, Adolf	23.4.1970
4. Keetmanshoop	VISSEER, Hendrik Johannes	23.4.1970
5. Khomas-Hochland	LOUW, Abraham Johannes	23.4.1970
6. Klein-Windhoek	VAN ZIJL, Ebenezer	22.4.1970
7. Lüderitz	MINNAAR, Paul Retief	23.4.1970
8. Maltahöhe	RALL, Frederik Rynhardt	23.4.1970
9. Okahandja	MEYER, Ernst Theodore	23.4.1970
10. Otjiwarongo	MUDGE, Dirk Frederik	22.4.1970
11. Stampriet	BOLTMAN, Petrus Jacobus	23.4.1970
12. Swakopmund	ODENDAAL, Willem Adriaan	13.3.1970
13. Tsumeb	STEENKAMP, Johannes Jacobus	23.4.1970
14. Walvisbaai/ Walvis Bay	DE JAGER, Christoffel Lombard	22.4.1970
15. Warmbad	POTGIETER, Frederik Jacobus	23.4.1970
16. Windhoek-Oos/ East	NEL, Elias Albertus	22.4.1970
17. Windhoek-Suid/South	NEEF, Ernst Werner	22.4.1970
18. Windhoek-Wes/ West	VAN AS, Hendrik Muller	22.4.1970

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWEST-AFRIKA.

No. 47 van 1970.]

NADEMAAL artikel 15 (2) van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968, van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, bepaal dat die Eerste Sitting van enige Sessie van die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, sal plaasvind op sodanige datum as die Administrateur deur proklamasie mag vaststel;

EN NADEMAAL dit dienstig is om die Wetgewende Vergadering byeen te roep;

SO IS DIT DAT EK, kragtens die mag en bevoegdheid my verleen, die Wetgewende Vergadering by hierdie Proklamasie oproep om op Vrydag, 15 Mei 1970, byeen te kom, en verklaar ek hierby dat die Eerste Sitting van die Eerste Sessie van die Tiende Wetgewende Vergadering gehou sal word te Windhoek om twee-uur nm. op die genoemde datum vir die afhandeling van sake.

Gegee onder my Hand en Seël in Windhoek op hierdie die 27ste dag van April 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
Administrator

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 47 of 1970.]

WHEREAS by section 15 (2) of the South West Africa Constitution Act, 1968, of the Parliament of the Republic of South Africa, it is provided that the First Sitting of any Session of the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, shall take place on such date as the Administrator may fix by proclamation;

AND WHEREAS it is expedient that the Legislative Assembly should be summoned to meet;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the power and authority in me vested, I do by this Proclamation summon the Legislative Assembly to meet on Friday, 15 May 1970, and I hereby declare that the First Sitting of the First Session of the Tenth Legislative Assembly shall be held at Windhoek at Two o'clock p.m. on the said date, for the dispatch of business.

Given under my Hand and Seal in Windhoek on this the 27th day of April, 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
Administrator